Aapstreke of inter-kulturele bediening?

Daar is 'n Tanzaniese volksverhaal wat vertel van 'n tyd toe die reënseisoen besonder swaar was en die rivier sy banke oorstroom het. Die vloedwaters het so vinnig gestyg dat baie van die diere verdrink het – behalwe vir die ratste apies wat vinnig in die boomtoppe skuiling kon vind. Veilig in die boomtoppe en hoog op randjies sê die een bekommerde apie: "Kyk na al die diere wat besig is om te verdrink! Kyk hoe spartel hulle! Die arme goed het nie eers bene nie en kon seker nie vinnig genoeg voor die vloedwaters vlug nie. Hoe kan ons hulle red?" 'n Ander apie stel toe voor dat hulle na dié plek moet gaan waar die water nie so diep is nie en dan probeer om hulle een vir een uit die water te red. So het die apies begin skarrel en die diertjies sonder bene een vir een uit die water gered. Ná 'n geruime tyd was daar 'n hele hoop van hierdie diertjies wat nou bewegingloos gelê het. "Kyk die goedjies is moeg van die gespartel, hulle slaap nou", sê die apies vir mekaar. "Hulle het so erg gewoel toe ons hulle wou help, want hulle het nie ons goeie bedoelings verstaan nie," Só, vriende, het die apies die visse gered!

Ons leef in 'n diverse samelewing met 'n verskeidenheid van tale, kulture, wêreldbeelde en spiritualiteite. Ons kan baie moeilik vandag van homogene gemeenskappe praat waar almal dieselfde dink en op dieselfde manier aanbid. Waar dit wél gebeur, kry mens eerder die gevoel van 'n eng of verstikkende laertrek-mentaliteit wat aangevuur word deur maatskaplike tragedies soos misdaad, armoede en geweld. Ons demokratiese samelewing word eerder gekenmerk deur 'n vars openheid, kreatiwiteit en diversiteit wat met entoesiasme aandag moet gee aan wat fout is.

Die probleem van baie van ons gemeentes is dat daar nie tred gehou word met verskuiwings in die samelewing nie en 'n *mono*-kulturele bedieningstyl, geskoei op eendersdenkenheid, homogene aanbiddingstyle en 'n enkele taalmedium heers steeds. Waar gemeentes besluit om die vars lug van 'n veranderende samelewing in te asem, is die probleem dat ons op 'n reis kan vertrek sonder om ons konteks en geskiedenis in ag te neem. Daarom bestaan die gevaar dat meer skade as goed gedoen kan word. In hierdie geval vind mens baie gemeentes waar diversiteit ge-akkomodeer word in 'n *multi*-kulturele model. Dit beteken dat daar verskeie bedieninge vir verskeie groepe ontstaan – eendersdenkendes vir wie daar in warm kokonne binne-in gemeentes voorsiening gemaak word. Gemeentes word dan ingerig met dienste en bedieninge vir tradisionaliste, gesinne, alternatiewes, vreemdes en ander wat nêrens inpas nie. Die probleem is dat hierdie groepe wynig of geen kontak met mekaar het nie en dat daar weerstand of agterdog tussen die groepe broei. So word die kerk 'n *'shopping mall'* met binnenshuise skeidsmure wat in die komersiële behoeftes van kliënte voorsien. Dit ondergrawe die legitimiteit van die gemeente as liggaam en dienskneg van God. Dan maak ons nes die apies wat visse probeer red en eerder meer skade as goed doen.

Hierdie tipe multi-kulturaliteit is gesog aangesien baie gemeentes in die dampkring van post-moderniteit besig is om moderne, Westerse konsepte van absolute, ewigdurende en universele waarhede, wat die grondslag van mono-kulturele bedieninge vorm, vaarwel toe te roep. Die meeste gemeentes besef dat mense met verkillende oë en harte oor dieselfde God, Bybel en skepping dink. Die probleem bly egter dat hierdie post-moderne perspektief mure tussen mense bou en nie ruimte vir interaksie skep nie. Waar mure binne gemeenskappe en gemeentes opgerig word, belemmer dit die kerk se taak as dienskneg van God. Wat oorbly is 'n versplinterde, gefragmenteerde organisasie wat nie verteenwoordigend van die samelewing is nie, wat die samelewing nie verstaan nie en nie met legitimiteit God kan dien nie.

Inter-kulturele bediening se fokus en reikwydte is anders. Die gemeente is die snypunt waar diverse kulture, sub-kulture en spiritualiteite mekaar ontmoet. Dán gaan dit oor interaksie en bediening wat binne hul kontekste mekaar help om diensknegte te wees. Dit is 'n sprong na 'n interaktiewe bedieningsmodel wat op menswaardigheid, geregtigheid, eenheid en heling fokus. Dan duld mense mekaar nie maar net nie, maar word die bediening 'n kreatiewe sprong waar mense saam op soek is na die vergestalting van die mensgeworde Christus in hulle situasie.

Binne die Ned. Geref. Kerk funksioneer hierdie bedieningsmodel al vir dekades onder gemeente wat deel is van die *Forum for Intercultural Ministries (FIM*). Die doel van *FIM* is om 'n bymekaarkomplek te wees vir gemeentes van die Ned. Geref. Kerk wat besig is met inter-kulturele werk in Suidelike Afrika. Vanjaar is dit veertig jaar gelede dat Dr Gert Swart begin het met die eerste Andrew Murray gemeente met Engels as voertaal. Hierdie kosmopolitaanse gemeentes, wat mense van bykans alle wêrelddele insluit, kom vandag regoor Suidelike Afrika voor. Baie van die gemeentes bestaan uit 'n groot getal Afrikaanssprekende lidmate met Engelse eggenote of kinders wat na Engelse skole gaan wat 'n tuiste gevind het in 'n inter-kulturele bedieningsmodel. In die Andrew Murray Pretoria Gemeente (nou Lynnwood/Andrew Murray Dutch Reformed Church) het ons baie Koreaanse lidmate wat dit verkies om saam met gelowiges van ander kulture te aanbid as om in te skakel by 'n gemeente met Koreaans as taalmedium in dieselfde omgewing. Dit bevestig dat die eenheid van die liggaam van Christus 'n behoefte is by mense, ongeag die kulturele mure wat ons oprig.

Vir inligting in verband met *FIM* kontak Mark Rathbone (mwmrath@mweb.co.za) of Ryk Brink (rykbrink@telkomsa.net). Daar is ook 'n CD-Rom met inligting, liturgie en formuliere vir gemeentes wat belangstel in inter-kulturele bediening (ook beskikbaar op Lynnwood/Andrew Murray Ned. Geref. Kerk se webtuiste www.lynnwoodng.org.za).

Dr M Rathbone, Lynnwood/Andrew Murray DRC